

Skriflesing: Matt 1:1 en 17; Matt 28:1 – 7 en :16 - 20

Fokusgedeelte: Matt 28:18 - 20

Jesus is Koning – almal moet Hom dien
--

Inleiding

Die evangelie volgens Matteus begin met die woorde: *Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid ... (Matt 1:1)*. Vóór alles wys Matteus Jesus aan as die seun van Dawid, as die verwagte Messias wat as Koning vanaf die troon van Dawid regeer. Sommer vroeg al het Johannes die dooper gesê: *Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom (Matt 3:2)*. Nadat Jesus gehoor het dat Herodes Johannes laat opsluit het, het Hy dieselfde boodskap verkondig. Hy het 'n hele klomp gelykenisse vertel wat Hy ingelui het met die woorde: *Die koninkryk van die hemel is soos ... (Matt 13:24,31,44,45)*. Op sy dissipels se vraag wie die belangrikste in die koninkryk van die hemel is, was sy antwoord: kinders (Matt 18:2).

Ons fokusgedeelte begin met Jesus se aankondiging na sy opstanding uit die dood: *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde (Matt 28:18b)*. Daarmee sê Jesus dat Koning is van alles en almal in die hemel en op die aarde. Aan sy dissipels gee Hy een opdrag met 'n paar boustene, onder andere om die mense te doop. Ook wanneer Eleana vanoggend gedoop word, doen ons dit in die erkenning dat Jesus as Koning reg en seggenskap oor haar en oor ons almal het. Ons **tema: Jesus is Koning – almal moet Hom dien**. Ons gee aandag aan Jesus se aanspraak, sy bevel en sy versekering.

Jesus se aanspraak

Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Dit is nie Jesus se sterfbedwoorde nie. Op daardie tydstip het sy dood al agter die rug gelê. Ja, die Satan het die mense aangevuur om met spykers aan die kruis klaar te speel met die Seun van God. Jesus se woorde was nie die desperate eindpoging van 'n verslae en verslane mens om 'n paar bittereinders oor te haal om hom te help om 'n verlore stryd te voer nie. Op die tydstip waarop Hy hierdie woorde gesê het, het Hy reeds uit die dood opgestaan.

As **Koning** was Jesus in die brandpunt van die stryd betrokke. Hy het die littekens daarvan aan sy hande, sy kop en in sy sy gedra. Hy het persoonlik die oorwinning oor die dood, die sonde en die Satan behaal.

Hy het op die punt gestaan om in die hemel opgeneem te word. Hy sou gaan om die troon aan die regterhand van God die Vader bestyg. Daarvandaan regeer Hy.

Sy laaste woorde hier op aarde is dus die berekende en betekenisvolle woorde van die Oorwinnaar. In sy afskeidswoorde hoor ons vier maal die woord *al*: Dit gaan om al die mag,

al die nasies, alles wat Hy beveel het en al die dae. Daar is niks wat buite Jesus se heerskappy as Koning bestaan nie. As Koning het Hy altyd alles en almal in sy hand.

Die Koning beveel

Jesus se woorde is die bevel van die Koning wat sy leer opdrag gee om die finale opruimingswerk na die beslissende veldslag te doen. Volledig lui sy opdrag: *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (Matt. 28:19, 20a)*. Eintlik is hier een **hoofbevel** met ander wat daaraan ondergeskik is. Hierdie hoofbevel is ***Maak al die nasies dissipels!***

Ons noem die hele opdrag die sendingopdrag en verklaar dit dan só dat ons die evangelie aan al die nasies moet verkondig. Natuurlik kan geen mens 'n dissipel van Jesus word as hy nie die evangelie gehoor het nie. Tog gaan die opdrag om dissipels te maak verder as om die evangelie aan hulle te verkondig. Die **vrug** daarvan moet wees dat mense **dissipels word**.

'n Dissipel is 'n volgeling en leerling / dissipel. Dit wat Jesus tydens sy aardse lewe gedoen het, moet sy dissipels – moet ons - nou doen. Soos wat Hy mense geroep het om Hom as dissipels te volg, so moet ons wat aan Hom behoort mense roep om dissipels van Hom te word.

Ons moet na ***al die nasies*** toe gaan. As verheerlikte Seun van God eis Jesus alle nasies vir Hom op. Al die nasies moet Hom as Here en Koning erken, Hom vereer en gehoorsaam dien. Mense van die verskillende nasies moet nuwe mense word – dissipels van Jesus.

Hoe moet ons dit doen?

1 Ons wil vir die mense sê: “**Kom** na ons toe”. In terme van ons belydenis: “Kom voeg jou by ons as die ware kerk.” Hoe anders doen ons dit as wat Jesus sê in ons fokusgedeelte sê: ***Gaan dan...*** Eintlik is dit nie, soos wat beide Afrikaanse vertalings klink, 'n opdrag van Jesus nie. Hy aanvaar eenvoudig dat die beweging van ons af na hulle toe gaan; dat ons na hulle toe uitreik.

Waarom aanvaar Jesus so as vanselfsprekend dat ons na hulle toe sal uitreik? Hy het dit juis ons gedoen. Hy sê dat ons in dieselfde rigting as Hy moet beweeg: ons moet gaan van waar ons is en dissipels van die nasies maak.

2 ***Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het, sê Jesus.*** Die maak van dissipels geskied deur sowel *doop* as *lering / onderrig*. Beide is noodsaaklik, beide is belangrik. Die belangrike saak is dat Christus as Koning die reg op die nasies het.

2.1 **Doop hulle ...** Iemand sê: “Die doop belig Jesus se heerlijkheid as Koning. Deur die doop laat geld Jesus sy reg en aanspraak as Koning oor die lewe van die een wat gedoop is.”

Wat van **kinders**? Onthou Jesus het by geleentheid gesê: “*Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle (Mark. 10:14)*”. Hy verklaar: Kinders is deel van sy Koninkryk. Die Here God tree ook met die kind van gelowige ouers in ’n verhouding.

Die *Doop in die Naam van* behels dat die dopeling tot die gemeenskap en onder die seggenskap / heerskappy gebring word van Hom in wie se Naam hy gedoop word.

2.2 Leer hulle, sê Jesus vir die apostels en vir ons. Almal en elkeen wat die Woord van die Here hoor, moet geleer word om alles te onderhou wat Jesus ons geleer het. Wie in die naam van die Drie-enige God gedoop is, moet die Here gehoorsaam. Een en elkeen se roeping is om dankbaar te leef as kind van die Here. Ons moet Jesus as Here en Koning vereer. Die gesag van die verheerlikte Here strek oor my en jou hele lewe.

Die Doop staan nie alleen nie; werk nie outomaties of magies nie. Die Doop lei noodwendig daartoe dat ons alles onderhou wat Jesus beveel het. Andersyds staan ook die egte onderhouding van alles wat Jesus beveel het nie alleen nie. Dit is gebaseer op God se gawe in die Doop.

Ons moet verheerlikte Christus se volle opdrag uitvoer. Doen ons dit, hoor ons:

Die Koning verseker ons

En kyk / onthou Ek is met / by julle al die dae tot [aan] die voleinding van die wêreld. Christus het die Satan, die sonde, die wêreld en die dood oorwin. Ons wat in die geloof na Hom toe gaan, het aan sy oorwinning deel. Die oorwinning bring seën aan almal en elkeen wat aan Hom behoort. Hy, die Oorwinnaar, sal immers by ons wees.

Al sou Hy nie meer soos voorheen by sy dissipels wees nie, kan hulle en ons wat soos hulle glo, reken op sy nabyheid. Solank die wêreld bestaan, solank is Jesus by ons. Dit is ’n besondere nabyheid. Die **Heilige Gees** woon en werk in ons (*Joh. 14:16 ev.*). Hierdie gemeenskap met Christus deur die Heilige Gees is die geheim van ons werk; ons wat aan die Here behoort.

Slot

Ons fokusgedeelte begin met Jesus se aankondiging na sy opstanding uit die dood: *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde (Matt 28:18b)*. Daarmee sê Jesus dat Koning is van alles en almal in die hemel en op die aarde. Aan sy dissipels gee Hy een opdrag met ’n paar boustene, onder andere om die mense te doop. Ook wanneer Eleana

vanoggend gedoop word, doen ons dit in die erkenning dat Jesus as Koning reg en seggenskap oor haar en oor ons almal het.

AMEN